Die Voortrekkers	**STRUWIG SPESIALISASIE NAWEEK** **GGN** 18 – 22 April 2019	STRUWIG EKO-RESERVAAT Waar Afrika nog Wild is!
Magda Wentzel 083 680 7185	Epos: mwentzel@crocuta.co.za	Helgard Wentzel 082 823 5060

Voortrekkers.

Kom kamp saam die Paasnaweek op Struwig Eko Reservaat. Die Struwig plaas is in Hoedspruit, gaan kyk gerus na hulle webblad by http://www.struwigeko.co.za. Hierdie is 'n Gebiedsgoedgekeurde naweek vir graad 5, 6 en 7.

Die kamp vind plaas oor die Paas naweek. Almal moet asb reeds op die kamp wees teen 19:00 op Donderdag 18 April. Die hekke sluit om 18:00 en dan is dit nog ongeveer 45 minute se ry tot by die kamp. Kontak ons gerus indien u nie betyds gaan wees voor die hek om 18:00 sluit nie.

Ons gaan die volgende spesialisasies/Kursus doen:

Graad 5 en 6 = Ekosorg	Verkenners = Riviere of Ekologie
Graad 7 = Erfgrond	Volwassenes = Bestuurskursus aangebied deur Mauritz Meiring.

Ons het natuurlik volwassenes nodig om te help by elke spesialisasie en ook toesig hou. (o ja, en natuurlik om die kinders aan te ry na die kamp). Volwassenes wat by 'n kursus ingedeel word, moet asb te alle tye by die kursus help. Struwig verskaf die kos maw ons het geen volwassenes nodig in die kombuis nie. Volwassenes wat die kinders aanry of by een van die kursusse wil help nie kan gerus die Bestuurskursus doen.

Die groot vraag is nou natuurlik wat kos so 'n eksotiese naweek op die oewer van die Olifantsrivier, ingesluit is 'n wildsrit en ook 'n bootrit op die Olifantsrivier om 'n besoek aan Waterwese te bring. 'n Langnaweek in die Baluli reservaat waar daar geen heinings tussen die reservaat en die Kruger Nasionale Park is nie. Beste van alles, jy slaap op 'n bed, beddegoed word ook verskaf. Jeuglede bring bordesakke en volwassenes gebruik die Lodge se eetgerei. Die koste is R650 per persoon. SJOE, asemrowend vir vier nagte en jou kos is ingesluit. Vervoer is nie ingesluit by die kampkoste nie, elkeen is verantwoordelik vir sy eie vervoer.

Ongelukkig kan daar slegs 42 jeuglede saamgaan. Alle Jeuglede slaap in die Jeugsentrum. Slegs volwassenes slaap in die Chalets. Volwassenes kan ook 4X4 karavane bring vir slaapplek. Die wat eerste inskryf word eerste op die lys geplaas. Ons kan slegs 28 volwassenes (Chalets) saamneem, so dieselfde geld daar, eerste bespreek gaan saam. Indien daar volwassenes is wat kinders jonger as graad 5 saamneem moet ons die getalle van die jeuglede wat spesialisasies doen, minder maak per groep. Daar sal ongelukkig geen spesialisasie vir jonger as graad 5 aangebied word nie.

Voltooi asb die inskrywingsvorm en epos dit terug aan Magda by mwentzel@crocuta.co.za so spoedig moontlik.

Sluitingsdatum vir inskrywings 8 April 2019. Uitruilings binne graad groep sal aanvaar word, maar geen gelde is terugbetaalbaar nie. By kansellasie sal die volle kampgeld verbeur word. Gelde moet asb op die sluitingsdatum reeds in die bankrekening wees. Alle gelde word inbetaal in die volgende rekening:

Elektroniese oorbetalings: ***NB! Die naam van die bankrekening en nommer het verander. NB!***

Rekening Naam: **Struwig GGN Voortrekkers**
Bank: **Investec Bank Limited**
Tak: **Grayston Drive, Sandton**
Takkode: **580105**
Rekening nr: **50014342501**
Verwysing: **Kommando se naam**

Kampgroete

Helgard en Magda Wentzel
Kampleiers

INSKRYWINGSVORM VIR SSN

18 – 22 April 2019

Van: _____ Naam: _____

Kommando: _____ Lidno: _____

Manlik/Vroulik _____Graad (jeuglid):_____

Naam van ouer/voog (indien ‘n jeuglid)_____

Kontaknommer(s) tydens kamp**:**_____

MEDIESE BESONDERHEDE

Mediese Fonds: _____ Lid no: _____

Naam van Hooflid: _____ Tel no: _____

ID nommer van hooflid: _____

Mediese probleme bv. asma, allergieë, ens.: _____

Medikasie wat gereeld geneem moet word: _____

Merk asb watter spesialisasie jy gaan doen (jeug) of waar jy betrokke (Volwassene) gaan wees.

Volwassenes en Verkenners moet asb ‘n eerste en ‘n tweede keuse merk.

Gr 5 en 6	Ekosorg	R650		
Gr 7	Erfgrond	R650		
Verkenner	Riviere	R650		
Verkenner	Ekologie	R650		
Volwassenes	Bestuurskursus	R650		
Volwassene	Noodhulp offisier – slegs 1 persoon	R650		
Volwassene	Veldkornette – 1 dame en 1 man	R650		
Kinders	Jonger as Graad 5 (slegs van volwassens wat saam kamp)	R650		
Hekfooi	‘n Hekfooi per voertuig is betaalbaar vir elke voertuig. Gelde moet kontant betaal word op die kamp by die kantoor.	R195		

Volwassenes, dui asb aan of U in ‘n Chalet gaan slaap en of U ‘n boswa of 4x4 karavaan bring. Indien U van ‘n karavaan of boswa gebruik maak moet die Jeugsentrum se ablusie geriewe gebruik word.

Wees asb bewus daarvan dat u moontlik ‘n kamer met iemand anders kan deel.

Chalet		Eie 4x4 boswa of 4x4 karavaan	

_____ _____ _____

Handtekening ouer/voog Naam in drukskrif Datum